*Donderdag* **25 September**

**Skrifgedeelte: Jakobus 5:13-20**
**Fokusgedeelte: Jakobus 5:15 (AFR83/2020)**

## Om gelowig te bid te midde van siekte

Dit is nooit lekker om siek te wees nie. Dit is ook baie swaar wanneer mense vir wie ons omgee, siek is.

Onder sulke omstandighede word ons opgeroep om te bid (Jak. 5:13). Jakobus skryf dat die ouderlinge vir iemand moet gaan bid wat siek is (Jak. 5:14), en hulle word beveel om die sieke met olie te salf onder aanroeping van die Naam van die Here. In die Bybelse tyd is olie vir medisinale redes gebruik (vgl. Jes. 1:6; Luk. 10:34). Moontlik is dit wat Jakobus in gedagte het. Die klem val op "die aanroeping van die Naam van die Here". Hý kan genesing bring, nie die olie nie. Jakobus skryf dat die gelowige gebed die sieke gesond sal laat word (Jak. 5:15), en hy gaan dan voort om te bewys dat die gebed van 'n gelowige 'n kragtige uitwerking het (Jak. 5:16-18).

Beteken dit dat God alle siektes sal genees solank ons net gelowig genoeg bid? Soms is die Here se wil anders, en skenk Hy nie genesing nie. Wat Jakobus hier vir ons beklemtoon is die noodsaaklikheid van gebed te midde van siekte. Deur gebed wys ons ons totale afhanklikheid van God, ons bely dat Hy in staat is om enigiets te doen, en ons vra dat as dit sy wil is, Hy tog genesing sal skenk. Dit is wat dit behels om gelowig te bid.

As gelowiges is ons troos dat siekte, deel van hierdie gebroke skepping, onder die almag van God staan. Niks kan ons van God se liefde skei nie – ook nie siekte nie (Rom. 8:38-39). Die lyding wat ons nou moet verduur, weeg nie op teen die heerlikheid wat vir ons voorlê nie (Rom. 8:18). En eendag, wanneer Christus weer kom, sal daar nie meer lyding en siekte wees nie (Op. 21:4).

*Sing: Psalm 107-1:1, 9*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)*